Kleingroepe

vierde kwartaal reeks
1 Des 2013

OMGEE-TYD

Deel met mekaar hoe julle week was? Bv. Noem een ding wat jou moedeloos maak en jou energie tap. Iemand doen namens die Kleingroep ‘n gebed om die saam-wees aan die Here op te dra. Laat almal hulle handpalms na bo draai tydens die gebed as teken daarvan dat elkeen God se teenwoordigheid nou doelbewus as geskenk ontvang.

LEER-TYD

Blaai saam deur die boek Sagaria. Kyk oorsigtelik na elke hoofstuk, na die opskrifte en temas. Kyk na die oproepe, die prentjies (visioene), bemoedigende woorde, woorde van ‘n nuwe soort toekoms**.**

Lees veral Sag 1:3-6; 4: 6; 9:9-10 en in Sag 14 na die gedeeltes van begin met “Daardie dag sal…”.

Gesels oor die volgende vrae:

- Wat kom julle van God se karakter agter? Hoe is God? Wat bevestig dit vir julle?

Wat staan vir julle uit van Sagaria se boodskap?

- Hoe kan julle identifiseer met die volk aan wie Sagaria die boodskap bring?

- Indien jy nou iemand moed moet inpraat of hoop gee, hoe sal jy Sagaria gebruik om dit te doen?

Wat sal jy persoonlik maak van Sag 1:3? Hoe praat dit met jou eie lewe en konteks?

AANBID-TYD

Draai twee-twee na mekaar en praat weer oor die dinge wat julle moedeloos maak en hoe Sagaria julle help. Praat nou met die Here daaroor. Bid ook aan ander mense waarvan julle bewus is wat deur moeilike tye gaan.

DIEN-TYD

Besluit saam as ‘n groep om hierdie komende week met iemand anders te praat wat dalk hoop en aanmoediging nodig het. Elkeen in die groep kan as gestuurde ‘n moed-inprater met iemand anders gaan praat.